



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

TOERISME

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2013

Hierdie riglyne bestaan uit 11 bladsye.

INLIGTING

1. INLEIDING

Die Praktiese Assesseringstaak vir Toerisme behoort die leerders se begrip van die toerismebedryf as 'n dinamiese ekonomiese sektor te toon. Dit is gemik op die uitbreiding van leerders se kennis, waardes en vaardighede in verband met reispraktyk, wat in graad 10, 11 en 12 opgedoen is.

2. PUNTETOEKENNING

FASE 1 = 100

FASE 2 = 100

TOTAAL = $200 \div 2 = 100$

3. ADMINISTRASIE EN VERANTWEEORDELIKHEDE

3.1 Administrasie van die PAT-eksamen

Hierdie praktiese assesseringstaak (PAT) is die ENIGSTE amptelike praktiese eksamen vir graad 12-Toerisme-leerders in 2013. Onder GEEN omstandighede mag dit deur enige alternatiewe praktiese eksamentaak vervang word nie.

- Die praktiese assesseringstaak (PAT) in Toerisme bestaan uit twee fases. Fase 1 moet gedurende kwartaal 1 voltooi word en Fase 2 moet gedurende kwartaal 2 voltooi word op datums wat deur die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente vasgestel is.
- Die PAT is 'n VERPLIGTE komponent van die finale eksterne eksamen vir Toerisme.
- Geen gedeelte van die amptelike PAT 2013-Toerisme-dokument mag oorgetik, geredigeer of verander word nie. Die logo van die Nasionale Departement van Basiese Onderwys mag NIE deur enige ander logo vervang word NIE.
- Die grootste gedeelte van die PAT moet in die klas onder gekontroleerde omstandighede gedoen word, en slegs sekere afdelings of navorsing kan as huiswerk voltooi word.
- Onder geen omstandighede moet die PAT aan leerders gegee word om op hulle eie tuis te voltooi nie.
- Gereelde lestyd moet gedurende Toerisme-klastye toegeken word, bv. 'n dubbelklas elke tweede week, sodat leerders onder die toesig en leiding van die onderwyser aan die PAT kan werk.
- Daar word sterk aanbeveel dat die nasien van die afdelings van die PAT op 'n deurlopende basis gedoen word om individuele vordering te monitor.
- Bewys van voltooide afdelings van die PAT moet in die klaskamer vir beide interne en eksterne verifiëring- en moniteringsdoeleindes beskikbaar wees.
- Voorbeelde van formate vir die toerplan, reisprogram en die voorgestelde toerbegroting is ingesluit en moet gebruik word om die take te standaardiseer.
- Onderwysers mag NIE formate vir enige ander afdelings van die taak ontwikkel nie.

3.2 Die rol van die onderwyser

Dit is die onderwyser se verantwoordelikheid om seker te maak dat alle leerders BEIDE fases van die PAT voltooi.

- Werk moet onder gekontroleerde toestande tydens die PAT-klasse gedoen word.
- Daar word van onderwysers verwag om 'n PAT-onderrig-en-bestuursplan vir beide fases van die PAT te ontwikkel. Hierdie plan moet aan die begin van die jaar gedoen word.
- Dit is die skool en die Toerisme-onderwyser se verantwoordelikheid om die bronne te verskaf. Leerders moet egter aangemoedig word om op hulle eie toegang te kry tot bykomende bronne van hulle eie.
- Dit is die onderwyser se verantwoordelikheid om die leerder dwarsdeur die taak te ondersteun en te lei.
- Die onderwyser MOET die assesseringsinstrument gegee gebruik om nasien te standaardiseer.
- Elke leerder moet 'n kopie van die volgende bladsye in die PAT ontvang: bladsy 4–11
- Indien leerders nie Fase 2 inlewer nie, sal hulle die punte met betrekking tot die Inhoudsopgawe en Aanbieding (Fase 2, Nr. 6 en 7) verbeur.

PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK

TOERISME

GRAAD 12

2013

INSTRUKSIES AAN LEERDERS

EKSAMENINSTRUKSIES VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK TOERISME GRAAD 12 – 2013

1. INSTRUKSIES

- Volg die instruksies om 'n toer vir 'n wittebroodspartjie te beplan.
- Die taak moet in TWEE fases (Fase 1 and Fase 2) gedoen word.
- Die finale voltooide taak moet op 'n datum wat deur die onderwyser vasgestel is, ingelewer word.
- Die volgorde van die assesseringsinstrument moet gebruik word om die finale voltooide PAT saam te stel en aan te bied.
- Die finale PAT moet in enige geskikte A4-formaat aangebied word.
- Goeie taalgebruik en netheid sal beloon word.
- Leerders wat nie Fase 2 inlewer nie, sal punte met betrekking tot die Inhoudsopgawe en Aanbieding verbeur (Fase 2, Nr. 6 en 7).

2. OORSIG VAN DIE TOER

Hans van der Zon en sy verloofde, Sonja, is albei prokureurs in Nederland. Hulle is in hulle laat twintigerjare en beplan om op 7 Januarie 2013 in Amsterdam te trou. Hulle wil hulle wittebrood van 14 dae op 'n luukse toeristetrein en toerskip in Suidelike Afrika deurbring. Hulle sal Suid-Afrika gebruik as ingang/poort vir hulle reis op die Rovos Rail, vanaf Pretoria via Mafikeng (Mayikeng) en Plumtree na die Victoria-waterval in Zimbabwe. Hulle het die MSC Opera vir hulle skeepsvaart (Durban na die Portugese eilande naby Mosambiek) gekies.

2.1 TOERISTEPROFIEL

Ouderdom:	Laat twintigs
Inkomste:	Hoë-inkomstegroep
Nasionaliteit:	Nederlands

2.2 SPESIALE BELANGSTELLINGS

- Olifantritte
- Wild
- Natuurliefhebbers
- Avontuuraktiwiteite

2.3 DIE TIPE TOER

Luukse wittebrood wat die volgende insluit:

- 'n Rit op 'n luukse trein
- 'n Besoek aan die Victoria-waterval (Zimbabwe-kant)
- 'n Skeepvaartpakket

2.4 DIE TOER

Duur: 14 dae (die toer begin en eindig in Johannesburg). Die toer moet die reis van 3 dae op die luukse Rovos Rail-trein van Pretoria na die Victoria-waterval insluit. Die paartjie sal vir 4 dae by die Victoria-waterval bly. Hulle sal na Johannesburg terugkeer en 'n aansluitvlug na Durban neem as voorbereiding vir 'n 4 dag-skeepsvaart van Durban na die Portugese eilande. Dag 1 en dag 14 – sit opsy vir aankoms in Suid-Afrika en vertrek na Nederland onderskeidelik.

Die 14 dag-toerplan

Dag 1	Dag 2	Dag 3	Dag 4	Dag 5	Dag 6	Dag 7	Dag 8	Dag 9	Dag 10	Dag 11	Dag 12	Dag 13	Dag 14
9 Jan.	10 Jan.	11 Jan.	12 Jan.	13 Jan.	14 Jan.	15 Jan.	16 Jan.	17 Jan.	18 Jan.	19 Jan.	20 Jan.	21 Jan.	22 Jan.
Aankoms in JNB	RR*	RR	RR VF*	VF	VF	VF	Vlieg na OR Tambo Internasionaal. Neem aansluitvlug na Durban	Dag se vrye tyd in Durban	Skeeps-vaart	Skeeps-vaart	Skeeps-vaart	Skeeps-vaart	Vlieg na JNB Vertrek na Nederland

Been 1

Been 2

Been 3

*RR – Rovos Rail VF – Victoria-waterval

Datum:	9 Januarie tot 22 Januarie 2013		
Vervoer:	Lug:	- Tussen Amsterdam (Nederland) en Suid-Afrika (retoer). LET WEL: Aankomsdatum: 9 Januarie 2013 - Tussen Victoria-waterval en Johannesburg (een rigting) - Tussen Johannesburg en Durban (retoer)	
	Land:	- Rovos Rail - Vir vervoer gebruik taxi's met meters en pendeldienste wat deur hotelle aangebied word.	
	Water:	Toerskip	
Akkommodasie:		- Luukse akkommodasie in Johannesburg en Durban vir oornagverblyf - Luukse kompartement aan boord die Rovos Rail - Vyfsterhotelakkommodasie by die Victoria-waterval - Toerskip: Luukse kajuit aan boord die MSC Opera	

2.5 AKTIWITEITE

- SES aktiwiteite oor 'n 3 dag-tydperk by die Victoria-waterval en omliggende gebied.
- 'n Minimum van DRIE aktiwiteite per dag aan boord die toerskip en EEN aktiwiteit op die Portugese eilande.

3. VOORGESTELDE BRONNE VIR DIE TAAK

- Vlugskedules: Na en van Amsterdam
(bv. www.farecompare.com or www.travelstart.com)
- Inligting oor luukse treinreise in Suid-Afrika (Rovos Rail)
Roetekaart van Rovos Rail South Africa na Zimbabwe, tydskedule, prysopsies
(www.rovos.com)
- Toeriste-inligting oor Victoria-waterval (Zimbabwe)
(http://www.afrizim.com/aktiwiteite/victoria_falls/default.asp)
- Inligting oor toerskip MSC Opera: Pryspakkette, aanboordfasiliteite en -aktiwiteite, akkommodasie, reisdokumente en bagasietoegewings
(<http://www.msccruises.co.za>)
- Inligting oor die Portugese eilande naby Mosambiek: aktiwiteite wat op die eiland gedoen kan word
(<http://www.henrytrotter.com/travels/msc-melody/portuguese-island.html>)

WITTEBROOD IN SUIDELIKE AFRIKA

FASE 1		
1.	Dekblad	(2 punte)
	• Naam van die toer	1
	• VIER OF MEER illustrasies en/of prentjies relevant tot jou toer	1

2.	Reistoegangsdokumente	(5 punte)
	• Verduidelik die term visum.	1
	• Noem DRIE vereistes waaraan voldoen moet word om 'n Zimbabwiese visum te bekom.	3
	• Noem die tipe visum wat deur die Nederlandse paartjie benodig word.	1

3.	Vluginligting en Doeane	
3.1	Vluginligting	(20 punte)
	Vind 'n geskikte retoervlug tussen Amsterdam en Suid-Afrika . Sluit 'n kopie van die vlugskedule in en aksentueer ('highlight') die vlugte as bewys van jou navorsing. Gee die volgende inligting oor die vlugte wat gekies is:	
	• Kopie van vlugskedule	1
	• Name van lughawens gebruik	2
	Bagasietoegewings van die internasionale lugredery gekies:	
	• Handbagasie	1
	• Bagasie ingeweeg	1
	• Tipe vliegtuig	1
	• Passasierskapasiteit	1
	• Vlugnommer	1
	• Datum en vertrektyd uit Nederland	2
	• Datum en aankomstyd in Suid-Afrika	2
	• Koste van ekonomieseklas-retoerkaartjies vir twee persone in euro	2
	• Skakel die koste van die ekonomieseklas-retoerkaartjies vir twee persone om van ZAR na euro (Toon ALLE berekeninge.)	3
	• Gee die Nederlandse paartjie raad oor die tyd wanneer hulle op die lughawe in Amsterdam moet aankom voordat hulle vertrek. Gee EEN rede vir jou antwoord.	3

3.2	Doeane	(8 punte)
	Broninligting oor doeaneregulasies vir die paartjie wat Suid-Afrika binnekom.	
	• Noem DRIE verbode items.	3
	• Noem DRIE beperkte items.	3
	• Noem wat jy onder 'n doeanevrye winkel verstaan.	2

4.	ROVOS RAIL Broninligting oor die Rovos Rail luukse trein.	(18 punte)
	Kies en beskryf die kompartement wat vir die wittebroodspartjie gekies is.	2
	Noem TWEE tipes dienste en TWEE tipes fasiliteite wat aan boord die trein aangebied word.	4
	Stel TWEE redes voor waarom Rovos Rail vir 'n wittebroodspartjie ideaal is.	4
	Verduidelik TWEE prosedures wat by beide die Mafeking- (Mahikeng-) en die Plumtree-grensposts gevolg word.	4
	Om hul bydrae tot die BNP te verhoog, moet die Rovos Rail slegs binne die grense van Suid-Afrika bedryf word.	
	Redeneer TEN GUNSTE VAN of TEEN hierdie stelling.	4

5.	Akkommodasie en Veiligheid Vind inligting oor akkommodasie by die Victoria-waterval. Gee die volgende inligting:	(23 punte)
5.1	Vyfsterakkommodasie by die Victoria-waterval - Naam - Plek (volle fisiese adres en TWEE kontakbesonderhede) - Noem die tipe vervoer wat tussen die Rovos Rail-stasie en die hotel by die Victoria-waterval gebruik moet word. Doen navorsing oor die TGCSA se kriteria vir 'n 5-sterhotel en die dienste en fasiliteite wat deur die hotel gekies by die Victoria-waterval aangebied word. - Pas DRIE dienste en DRIE fasiliteite van die hotel by die TGCSA se kriteria vir 'n 5-sterhotel.	1 2 2 12
5.2	Veiligheid Stel 'n veiligheidsgids op wat SES veiligheidsmaatreëls insluit wat die paartjie sal inlig oor veiligheidsmaatreëls wat tydens hulle verblyf in Zimbabwe getref moet word.	6

6.	Aktiwiteite by die Victoria-waterval (6 x 4)	(24 punte)
	Verwys na die profiel van die toeris en kies SES geskikte aktiwiteite oor die 3-dagtydperk by die Victoria-waterval en omliggende gebied. Vir elk van die ses aktiwiteite, gee die volgende inligting: - Naam van aktiwiteit - Plek - Tydsduur - Koste van aktiwiteit per persoon	1 4
TOTAAL		100

FASE 2				
1.	Reisinligting oor die Rovos Rail en MSC Opera			(18 punte)
	Kopieer die tabel hieronder en vul die korrekte inligting in.			
	Pakketinligting	Rovos Rail	MSC Opera	Punte
	• Noem TWEE items in elke pakket ingesluit.			4
	• Noem TWEE items NIE ingesluit by elke pakket nie.			4
	• Noem TWEE vorme van betaling aan boord.			4
	• Noem die geldeenheid wat vir elke pakket aan boord gebruik word.			2
	• Gee die prys (in ZAR) vir elke pakket.			2
	• Gee die paartjie raad oor die kleredragkode vir elke reis.			2

2.	Toerplan				(20 punte)
	Voltooi 'n oorsig van EEN bladsy van die toerplan vir die 14 dae. 'n Gedetailleerde verduideliking van die aktiwiteite word nie vir die toerplan benodig nie . Gebruik die formaat hieronder.				
	Voorbeeld:				
	Dag en datum	Vervoer	Akkommodasie	Aktiwiteite/Ondervindinge	
	2 10 Jan.	Rovos Rail	Luukse trein (RR)	Luukse kompartement op RR	

3.	Reisprogram vir die drie dae by die Victoria-waterval				(8 x 3 dae =24 punte)
	Stel 'n gedetailleerde reisprogram, met tye, op vir die 3 dae (dae 5, 6, 7) by die Victoria-waterval. Beskryf volledig die aktiwiteite/attraksies/ondervindinge vir elk van die drie dae. Begin ELKE dag op 'n NUWE bladsy. Gebruik die formaat hieronder.				

Voorbeeld van die formaat vir die DRIEdag-reisprogram by die Victoria-waterval.

Dag, datum en dag van die week	Tyd bv. begintyd van die aktiwiteit 11:00–16:00	Daaglikse aktiwiteite (Beskryf volledig die daaglikse aktiwiteite – TWEE aktiwiteite per dag.) Gebruik dieselfde aktiwiteite gekies in nr. 6 van Fase 1	Bykomende per aktiwiteit Noem enige ander inligting waarvan 'n toeris bewus gemaak moet word oor die aktiwiteit, bv. gesondheid- en veiligheidsvereistes, bykomende koste, kleredragkode, ens.	
(1)	(1)	(2 x 2 = 4)	(2)	[8]

4.	Koste van die toer	(14 punte)
	Kosteberekening is 'n belangrike faktor wanneer 'n toer beplan word.	
	Noem ten minste 14 items waarop die toeriste hulle geld sal spandeer.	

5.	Poskaart	(11 punte)
	Ontwerp 'n poskaart wat die toer illustreer. (A5-grootte)	
	Die voorkant van die kaart moet ontwerp word in die vorm van 'n collage (versameling prentjies of tekeninge) wat VIER aspekte van die toer uitbeeld.	4
	Die agterkant van die kaart moet plek hê vir 'n posseël, 'n adres en die boodskap.	3
	Skryf 'n boodskap van VIER reëls aan vriende in die VSA waarin jy hulle van die reis vertel.	4

6.	Inhoudsopgawe	(4 punte)
	Alle afdelings op EEN bladsy ingesluit onmiddellik na die dekblad (Fase 1 en 2).	2
	Maak seker die bladsynommers op die inhoudsblad met die betrokke bladsye ooreenstem.	2

7.	Aanbieding	(9 punte)
	Bied die PAT in 'n A4-formaat aan. (Dit kan in die vorm van 'n ringlêer, A4-boek of blaailêer wees.)	2
	Bied die PAT op 'n kreatiewe en logiese wyse aan.	2
	Bronne/Bibliografie	
	Sluit 'n bibliografie bestaande uit elektroniese en gedrukte mediabronne in.	2
	Let op na taalgebruik, spelling en skryfvaardighede regdeur die PAT.	3
	TOTAAL	100